# Netsentriese rekenaarstelsels 216 (COS 216)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Programme** | BIS Multimedia |
| | BIT Inligtingtegnologie |
| | BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap |
| | BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels |
| **Voorvereistes** | COS 110 |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessie per week, 4 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Engels |
| **Akademiese organisasie** | Rekenaarwetenskap |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die module stel die beginsels netsentriese berekening bekend wat op die WWW en die internet toegepas kan word asook op verspreide toepassings. Na afloop van die module, sal studente, as deel van die uitkomste, die kennis besit om verskeie programmering en webgebaseerde tegnologie te integreer. Spesifieke uitkomste sluit in om kennis te bekom/in te win oor die konsepte van kliënt- en bedienerkant-programmering, web-gebaseerde toepassings, poorte- en sokke-interaksie, die skryf van programme wat van afgeleë funksieroepe gebruik maak, en die koppelling met 'n databasis te bewerkstellig deur middle van afgeleë-SQL roepe. Die ondersteunende tegnologie van opmerktale ("mark-up"), soos HTML, en skriptale, soos JavaScript, word ook bestudeer. Om prakties te demonstreer dat 'n student hierdie uitkomstes bereik het, sal van studente verwag word om die nodige programmatuur en apparatuur te gebruik, te integreer en in stand te hou deur middel van kleiner praktiese opdragte. Hierna word 'n praktiese netsentriese projek vereis wat al die geïntegreerde tegnologie bevat.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.